



Zanta Hofmeyr, een van ons land se bekendste violiste, is uiters gelief by gehore. Vandeesweek deel sy haar buitengewone musikaal-kommunikatiewe talent met 'n paar duisend konsertgangers. Sy voer Benjamin Britten se vioolkonsert saam met die Johannesburgse Filharmoniese Orkes uit. Musiek staan sentraal, maar sy kommunikeer ewe gemaklik oor onderwerpe soos tai chi, neuro-linguistiese programmering, kardio-vaskulêre oefeninge en visualisering. **PAUL BOEKKOOI** het met haar gesels.

Die stroom wat nooit opdroog

Sy't ruim 20 jaar gelede vir die eerste keer met Benjamin Britten se vioolkonsert kennis gemaak. Dit was in Durban saam met die destydse Natalse Filharmoniese Orkes tydens 'n ballet-opvoering van die werk. Vandeesweek is net sy, die dirigent Bernhard Gueller en die Johannesburgse Filharmonie op die Linder-verhoog.

Dié concerto se opbou en struktuur is anders as dié van die meer konvensionele romanties-virtuose konsep. Hoe benader jy dié werk?

"Die onheilspellende openings-estinatofiguur op die keteltrom word sterk gevestig en bly dwarsdeur die werk aanwesig, maar die solis se meesleurende, liriese intrede vorm 'n opvallende kontras. Dit is juis die kontraste dwarsdeur die werk wat my energie op die verhoog beïnvloed. Daar is uiters virtuose passasies – veral in die tweede deel, vivace. Ongelooflik is die tempo waarteen die note ingepas moet word. Die werk is bedrieglik en die verskillende tempo's en stemmings onderbreek 'n deurlopende lyn.

"Hierdie werk moet 'n mens introspektief benader. Jy moet jou binneste wys. Toe ek later meer nalees oor Britten se ervarings in Noord-Amerika, waar dié concerto gekomponeer is, is alles bevestig wat ek in die musiek ervaar het. Een van die moeilikste aspekte is die heel laaste noot wat die solis speel. Die musiek uiter hier 'n gelaaië emosie en ek moet dit kan oordra. Ook opvallend is hoe integraal die orkes in dié werk is.

In die meer intieme onderdele is wedersydse intuïsie tussen my en die dirigent, asook die or-



— Zanta Hofmeyr

keslede, onderling uiters belangrik. Dele daarvan is byna op die skaal van kamermusiek. Ek is werklik verheug dat Gueller dirigeer," vertel Zanta.

Britten se vioolkonsert is volgens haar " 'n volwasse musikale ervaring" en na aanleiding van die feit dat hy Engeland verlaat het, asook die groot teleurstelling dat die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog onvermydelik was (Britten was 'n pasifis), plaas Zanta dit in konteks deur Pablo Casals aan te haal:

"Wat ons uitvoer, is die lewe self."

Concerto-uitvoerings bly 'n relatief seldsame uitdaging vir Zanta – soos vir die meeste Suid-Afrikaanse musici. Waar sy gereeld solo-uitvoerings met verskeie pianiste lewer, waaronder Malcolm Nay en Charl du Plessis, vereis die concerto-situasie spesiale voorbereiding: "Ek moet myself baie kopsposie gun. Daar is ook die stres van die orkes wat bykom. Gelukkig het ek meesterklasse deur Itzhak Perl-

"Wat ons
uitvoer, is
die lewe
self."

met professionele ensembles. Sy beskryf dit as die "binneweefsel van die tradisie rondom konsertbywoning". Dit waarborg ook die voortbestaan van die klassieke musiekkultuur. "Dis essensieel dat daardie kultuur lewend gehou moet word."

Op die vraag presies waar sy staan ná 'n loopbaan van 25 jaar antwoord sy met spottende erns: "Toonlere en arpeggios word al hoe belangriker. Ook die werking van jou spiere: jy's soos 'n atleet. Opwarming is noodsaaklik. Jou linker- en regterhand moet alle posisies kan hanteer. Ons beoefen dit as 'n sport. Vir my fisieke instandhouding doen ek kardio-vaskulêre oefeninge en vir koördinasie veral tai chi."

Sy het ook in 'n publikasie oor neuro-linguistiese programmering (NLP) nageslaan wat onder meer oor visualisering handel – 'n proses waardeur 'n mens goeie herinnerings oproep. Sy pas dit toe op komende optredes.

Met dié dissipline kan 'n mens jou in 'n spesifieke "veilige" ruimte, soos 'n sirkel op die verhoog, plaas. Dit help haar geweldig baie met verhoogvrees.

Beethoven-Tango is 'n program wat Zanta self en klaarblyklik ook haar gehore bly stimuleer. Saam met die pianis Charl du Plessis tree sy op in Beethoven se *Kreutzer-sonate*, 'n paar tango's van Piazzolla, asook 'n versameling van gevestigde jazznummers.

"Hierdie mengsel van werke bereik ander gehore, maar hulle is verrassenderwys net so begeesterd deur die Beethoven wat hulle dalk nie geken het nie as deur die tango's en jazz. Dit is meesleurende musiek wat my 'n groot mate van ontspanning en pure genot op die verhoog laat ervaar."

■ Zanta Hofmeyr en die JPO met Bernhard Gueller as dirigent voer Britten se vioolkonsert Woensdag- en Donderdag om 20:00 in die Linder, Parktown, Johannesburg, uit. Werke van Beethoven (*Simfonie no. 2*) en Brahms (*Tragiese ouverture*) is ook op die program.

Op 25 Junie om 19:30 speel sy die Britten saam met die Kwa-Zulu-Natalse Filharmoniese Orkes in die Durbanse stadsaal. Bespreek plek by Computicket.

man bygewoon wat onder meer ook dié voorbereiding behandel het. Wanneer 'n werk herhaal word, het hy die metodiek bespreek waardeur jy jou vir 'n uitvoering wat as synde nuut oorkom, kan voorberei."

Sy is verheug oor die stroom van solo-uitvoerings wat nooit opdroog nie. Dit bied altyd nuwe geleenthede vir haar om te groei as musikant. Ook haar optredes met gemeenskapsorkeste, soos die Randse Simfonie-orkes, is vir haar van dieselfde belang as dié